# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Voorby, C |
| Type: End of 3rd Term Assmt | Moderator: Teles, K |
| Date: 5 October 2020 | Grade: 6-____ |
| Marks: 100 Marks | Time: 2 hour |

Naam:

---

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

---

## Afdeling A: Luister en Praat

Gedig: "'n woord is 'n woord"

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Vlotheid | 5 | |
| Korrrekte uitspaak | 5 | |
| Intonasie | 5 | |
| Totaal | 15 | |

# Afdeling B : Lees en Kyk

**Die legende van die slang en kind**

**Karakters:** Vader, moeder, oudste seun, tweede seun, jongste seun, 3–5 vroue, 3–5 mans, slangdokter.

**Toneel**

SEUNS: Hambana, Manana. (Tot siens, Moeder.)

MOEDER: Hambana! Moenie die vrug van die salaboom eet nie en ook nie die spoor van die nyoka (slang) volg nie.

SEUNS: Goed, Manana.

JONGSTE: Kan ek saamgaan?

OUDSTE: Nee, jy drink nog melk! Jy is te klein!

(*Die seuns loop soos mense wat jag.*)

OUDSTE: Kyk daar! 'n Groot salaboom met groot, goue, ryp vrugte!. Ek gaan een pluk!

TWEEDE: Nee!

OUDSTE: Ek is honger.

TWEEDE: Moenie!

OUDSTE: Bly stil. Ek is die oudste. Niemand leer die wildekat iets van die veld nie. (*Hy pluk 'n vrug en eet dit.*) Kyk, daar is die spoor van die groot slang! (*Hy loop agter die slang aan.*)

TWEEDE: Nee, wag, onthou wat Moeder gesê het!

OUDSTE: Die wildekat luister net na sy maag.

(*Die oudste vang die slang, maak hom dood en braai dit. Na 'n rukkie begin hy op die gras rondrol.*)

TWEEDE: Wat makeer jou?

OUDSTE: Help my! My maag brand .... O, eina tog!

TWEEDE: Kom, ons moet terug kraal toe.

(*Hulle kom by die kraal aan.*)

ALMAL: Wat het gebeur? Hoekom is die oudste seun so groot?

TWEEDE: Hy het sala geëet, en toe die slang.

VADER: Hy was ongehoorsaam!

GROEP MANS: Ons sal die slangdokter gaan haal!

(*Hulle gaan na die grot van die slangdokter.*)

GROEP MANS: Nyanga, ons kom vra ...

(*Die slangdokter steek sy kop by die grot uit.*)

(*Hulle hardloop **paniekbevange** weg toe hulle sy gesig sien.*)

ALMAL: Wat gaan ons doen?

JONGSTE: Ek gaan hom haal!

(*Hy gaan na die grot.*)

JONGSTE: Kan jy help, Nyanga? My broer is besig om dood te gaan.

(*Die slangdokter verskyn, maar die jongste bly staan.*)

SLANGDOKTER: Jy sal my moet dra!

JONGSTE: Goed.

Verskillende stemme: Hawu, die klein miertjie dra die slangdokter!

SLANGDOKTER: Ek sien die slang vreet die vraatsige likkewaan van die binnekant op. Ek sal help.

ALMAL: Kyk, hy spoeg die salavrug uit … . Die slang kom by sy mond uit! Kyk, die seun is weer reg!

(*Die jong seun lyk verlig.*)

ALMAL: 'n Mens herken 'n man aan sy dapperheid. Hierdie jongste seun is 'n man.

(*Almal klap hande en is bly.*)

BRON: SKRYWERS VAN DIE HANDBOEK.

1. Wat mag die seuns nie gedoen het nie? (4)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

2. Volgens die oudste seun waarom kon die jongste nie saam kom nie? (2)

______________________________________________

______________________________________________

3. Watter broer was ongehoorsaam? (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

4. Wat het hy gedoen? Wat was die gevolge daarvan? (4)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

5. Met watter dier vergelyk die oudste homself? (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

6. Wat het die slangdokter gesê is die oudste broer? (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

7. Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is Indien onwaar gee 'n reede vir jou antwoord?

a. Manana beteken dieselfde as Moeder. (2)

______________________________________________________________

b. Die oudste broer kan nie die slang vind nie? (3)

______________________________________________________________

c. Die slangdokter bly in 'n kasteel? (3)

______________________________________________________________

d. Die groep mans is bly om die slangdokter te sien? (3)

___________________________________________________________

8. Dink jy die oudste seun was in baie pyn? Skryf 'n sin uit die teks om jou antwoord te ondersteun. (3)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

9. Hoekom word die klein seuntjie met 'n miertjie vergelyk? (2)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

10. Noem twee lesse wat hierdie legend ons leer (4)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

11. Het jy van die drama gehou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

_____ / 40 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C: Taalstrukture en Konvensies

1. Verbind die voorde in kolom A met die gepaste antonym in kolom B

(6x½=3)

| Kolom A |
|---|
| a. misluk |
| b. moeg |
| c. onder |
| d. begin |
| e. besig |
| f. bo-oor |

| Kolom B |
|---|
| 1. eindig |
| 2. ledig |
| 3. onderdeur |
| 4. uitgerus |
| 5. slaag |
| 6. bo |

2. Verdeel samestelings in woorde waaruit dit gevorm is. bv. hardloop = hard + loop (4x½= 2)

a. kleinletter = ___________________________________

b. hoofletter = ____________________________________

c. huisvlieg = ______________________________________

d. doodgaan = __________________________________

3. Skryf jou eie voorbeeld van sinne neer. (5)

a. Een enkelvoudige sin.

________________________________________________________________

b. Een stelsin

________________________________________________________________

c. Een vraagsin.

_______________________________________________________________

d. Een bevelsin.

______________________________________________________

e. Een veelvoudige sin

______________________________________________________

4. Kies 'n gepaste voorsetsel uit die raam en voltooi die sinne. (5)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| op | oor | in | langs | onder |

a. Die vlieg vlieg ___________________ die kombuis.

b. Die padda sit __________________ 'n blaar.

c. Die spinnekop hardloop ________________ my voet.

d. Die kewer bly _______________ die spinnekop.

e. Ek sit ___________________ 'n boom.

_____ / 15 Punte (Afdeling C)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Skryf 'n eenvoudige fable van jou keuse. Nie minder as 120 – 150 woorde nie.

Onthou

- Uit watter dele bestaan 'n fabel
- Die intrigue, karakters en afsluiting
- Beplan jou werk deeglik.

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Beplaning | 5 | |
| Struktuur (begin, middel,einde) | 5 | |
| Korrekte spelling | 5 | |
| Punktuasie | 5 | |
| Verbindings woorde gebruik (en, soos, omdat) | 5 | |
| Inhoud | 5 | |
| Totaal | 30 | |